NG GEMEENTE NEWTONPARK, PORT ELIZABETH (GQEBERHA)
VAKATURE: PERMANENTE DEELTYDSE LERAAR/DIENSLERAAR– 4 Dae Per Week.

Gemeenteprofiel
Die NG Kerk Newtonpark is in 'n dinamiese voorstad geleë, omring van laer- en hoërskole, hospitale en winkelsentrums. Die gemeente bestaan uit sowat 296 belydende en 36 dooplidmate.
Dit het ‘n diepgewortelde liefde vir mense en laat hul vinnig tuis voel. Dié gemeente glo dat geloof in dade omskep moet word. Beide die orrel en die sanggroep speel ‘n belangrike rol in die erediens.

Leraarsprofiel
Die erediens het ‘n intergenerasionele fokus deur ‘n herder met 'n fyn aanvoeling vir die diverse behoeftes en strewes van die volle spektrum van gemeentelede. Iemand wat 'n suiwer gereformeerde teologie volg en verstaanbaar oordra op 'n wyse wat die daaglikse uitdagings van lidmate aanspreek.

Ons soek 'n goeie luisteraar met 'n fasiliterende leierskapstyl wat lidmate mobiliseer, bemagtig en verenig om hul gawes in die bedieninge van die gemeente uit te leef. Spanwerk en persoonlike kontak met huisgesinslede is 'n vereiste. Binne hierdie familie-atmosfeer floreer lidmate.

Opdrag
Artikel 9 van die kerkorde, soos ooreengekom met die kerkraad.

Vergoeding
Die deeltydse pos proporsioneel bereken behels ’n ongeveer 57% pos met ’n gemiddeld 25.6 uur werkweek.
Die allesinsluitende vergoedingspakket, beloop R300 000 per jaar en kan na wense met in agneming van wetgewing gestruktureer word.
’n Pastorie (gratis inwoning, billike water, elektrisiteit en tuindiens ingesluit) word ook aangebied of alternatiewelik ’n subsidie ten bedrae van R8 000 pm.

Aansoeke
Stuur u CV insluitende name van referente, nie langer as drie A4-bladsye nie, met onderwerp “Leraarspos”, aan newtonpark.ngk@absamail.co.za
Sluitingsdatum: 9 Februarie 2025

Rig **navrae** aan:
1. Konsulent: Ds Gerhard Loubser selfoon 083 656 3377
2. Ouderling: André van Heerden, selfoon 072 376 8310
3. Skriba: Me Heleen Schutte, Tel 041 365 2169/082 562 8956

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.